



WOORDGESPREK

- Vir Bybelstudie, omgegroepe en huisgeloof -

NG KERK RANDBURG

Week van 10 Maart – Lukas 4 : 1-13

Stil word en aanbidding: Waarvoor is jy dankbaar na die week? Wat was vir jou moeilik? Deel enige gebedsverhoring of Godservarings sedert julle mekaar laas gesien het. Hoe en waar het jy die afgelope week vir God beleef? Lees **Psalm 91: 1-2, 9-16** as 'n gebed. Dink na oor hoe die Here al vir jou 'n toevlug en veilige vesting was.

Woord: Ons lees die week **Lukas 4:1-13**. Die verhaal gaan oor die Gees vervulde Jesus wat deur drie versoekings-episodes gaan om Sy Messiasskap te bevestig. Drie keer word Jesus deur die duiwel getoets en drie keer weier Jesus om in te gee en antwoord dan vanuit die Ou-Testamentiese Deuteronomium-teks (8:3; 6:13-14 en 6:16). Die drie aanhalings kom uit die dieselfde geskiedenis van Israel, wat self ook in die woestyn getoets is maar nie die toets geslaag het nie.

Die 3 beproewings het ten doel dat Jesus moet bewys Hy is wel die ware Messias. In teenstelling is die duiwel daarop uit om te bewys die Messiasskap gaan eerder om die selfverheerliking van Jesus. Jesus bewys egter die duiwel in die verhaal verkeerd. Jesus stel Sy ware opdrag en bediening ten toon deur gehoorsaam en getrou aan God se roeping en Sy bediening op aarde te wees. Jesus tree nie andersins in gesprek met die duiwel nie, behalwe wanneer Hy direk vanuit die Skrif praat.

Gesprek

1. Noem enige iets uit die gedeelte wat jou geraak het. Of enige vrae wat jy nou het.
2. Voor die gebeure in die woestyn is Jesus gedoop en daarna het sy bediening in Galilea begin. Hoekom is dit betekenisvol?
3. Gesels oor die taktiek van die duiwel. Waarop sinspeel die drie versoekings? Wat is die implikasies van elkeen?
4. Gesels oor Jesus se antwoorde. Wat leer ons daaruit?
5. Wat is die rol van die Heilige Gees in hierdie gebeure?
6. In die gedeelte sien ons iets van Jesus se menslikheid. Hoe help dit jou?
7. Elke groeplid kies een van die volgende vrae om oor te gesels.
 - Hoe beleef jy versoekings in jou lewe?
 - Is daar versoekings waarmee jy sukkel en hoe kan die groep jou daarmee help?
 - Wanneer is jy die meeste vatbaar vir versoekings?
 - Ons almal beleef versoekings, hoekom praat ons dan so moeilik daaroor?
 - Wat is die beste manier om versoekings te weerstaan?
 - Wat is die gevolge van versoekings?
 - Wat is die effek daarvan op myself en my verhoudings met ander?

Afsluiting: Dink saam oor die strekking van gebede na hierdie gesprek. Miskien is daar iemand wat in die besonder voorbidding en versterking nodig het.